

# Gebedsfokus

## Augustus 2024

*"Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van lof bring,
dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely.
Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie,
want dít is die offers wat vir God aanneemlik is"
(Hebreërs 13:15-16 Afr83)*

**Donderdag 1 Augustus:** FEBA werk wêreldwyd met plaaslike kerke en pastore, mede-sendelingorganisasies en radiostasies om Christus na die wêreld te neem deur middel van media. Sterk vennootskappe beteken dat meer mense bereik word met die Goeie Nuus. Prys God vir FEBA se talle vennote en bid Sy seën af op bestaande en toekomstige vennootskappe.

**Vrydag 2 Augustus:** Baie van FEBA Mosambiek se personeel sukkel die afgelope paar maande met siekte. Hul werk vereis dat hulle lang afstande reis en menige ure se fisiese werk insit. Bid dat God elke siekte in FEBA Mosambiek se span sal genees en vra vir Sy voortdurende bewaring van hul fisiese- en geestesgesondheid.

**Saterdag & Sondag 3-4 Augustus:** Om die Goeie Nuus in Afrika te deel bring baie uitdagings. In lande soos Mali, Niger en Soedan het FEBA te kampe met meerderheid-Moslem gemeenskappe, terwyl FEBA Mosambiek tans sukkel met siekte en FEBA Malawi se personeel en luisteraars hard getref word deur vloede en droogte. Nietemin gaan FEBA Afrika se spanne, ten spyte van dié hindernisse, onbeskroomd voort om die evangelie na soveel as moontlik mense te neem. Bid God se seën en beskerming af op FEBA Afrika, sodat Sy Woord die kontinent se onbereiktes kan bereik.

**Maandag 5 Augustus:** FEBA Radio Suid-Afrika hou vandeesmaand twee getuienisbyeenkomste in Gauteng – in Pretoria (24 Augustus) en Johannesburg (25 Augustus). Pastoor Amos Phiri van FEBA Malawi kom deel ook meer oor sy span se werk. Bid dat die reëlings vlot sal verloop en dat mense Sy teenwoordigheid by elke byeenkoms sal voel.

**Saterdag & Sondag 24-25 Augustus:** Belarus het swaar inperkings op godsdienstige aktiwiteite. Die meerderheid van die bevolking is lidmate van die Oosters-Ortodokse Kerk, maar minder as 2% gelowiges is evangeliese Christene, en baie van hulle raak toenemend afgesonder van mekaar. Gelukkig bereik FEBA Rusland se aanlynuitsendings 'n groeiende gehoor in Belarus en talle lewens word deur die Goeie Nuus omskep. Bid dat FEBA Rusland sal aanhou uitsaai in Belarus en dat Belarusse sal aanhou luister, totdat almal gehoor het.

**Maandag 26 Augustus:** Die bombardering van Oekraïne het die afgelope paar maande toenemend erger geraak. FEBA Oekraïne se span het selfs begin voorbereidings tref om veiligheidshalwe ondergronds te werk. Die aanbieders, vervaardigers en beraders werk voort ten spyte van hul eie vrees en uitputting. Bid dat God FEBA Oekraïne se personeel en luisteraars krag en moed sal gee.

**Dinsdag 27 Augustus:** "Dankie vir jul programme wat my na Jesus toe gelei het. Ek was 'n Moslem, maar nou leef Christus in my hart." (FEBA Kazakstan-luisteraar)

**Woensdag 28 Augustus:** "Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van lof bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely. Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want dít is die offers wat vir God aanneemlik is" (Hebreërs 13:15-16 Afr83)

**Donderdag 29 Augustus:** Met meer as 'n derde van die wêreldbevolking steeds onbereik, is FEBA altyd op die uitkyk vir nuwe geleenthede. Drie potensiële nuwe velde het in 'n deel van Eurasië oopgemaak waar Islam die grootste godsdiens is. Bid dat luisteraars in dié lande God deur FEBA se uitsendings sal ontmoet en dat God deure in nuwe plekke sal oopmaak.

**Vrydag 30 Augustus:** Die regering se inperkings en waarneming maak evangelisasie in Rusland moeilik. Gelowiges in besette gebiede binne Oekraïne word glo ook deur Russiese soldate vervolg. Bid vir FEBA Rusland om standvastig en getrou in hul bediening te bly, vir vervolgde gelowiges om sterk in hul geloof te staan, en vir God om vir hul almal Sy wysheid en beskerming te gee.

**Saterdag & Sondag 31 Augustus-1 September:** Ten spyte van die vele uitdagings wat Christene in Suid-Asië mee te doen kry, het FEBA dinamiese bedienings in verskeie lande. Van FEBA Pakistan se geestesgesondheidseminare en internskapprogramme tot FEBA Indië se veeltalige uitsendings en anti-mensehandelveldtogte, gebruik FEBA alle moontlike maniere om Christus na die onbereiktes toe te neem. Die Goeie Nuus kan selfs deur luisteraars in Jemen, Bangladesj en Irak gehoor word! Bid dat FEBA Pakistan en FEBA Indië bemoedig en versterk sal word in (en deur) hul verkondiging van God se Woord, en dat hul werk 'n groot oes sal oplewer.

FEBA
SUID-AFRIKA

**Dinsdag 6 Augustus:** "Ek kan nie langer in sonde en afgodery leef nie, so ek gaan begin om elke dag vrugte en groente te verkoop, pleks van tyd mors, en om my huidige geloof te heroorweeg, want ek wil nie sterf sonder om die een ware God te ken nie." (FEBA Mali-luisteraar nadat hulle 'n preek oor verlossing geluister het.)

**Woensdag 7 Augustus:** "Laat ons Hom ken, laat ons daarna streef om die Here te ken. So seker soos dagbreek is sy verskyning; Hy sal soos reën na ons toe kom, soos lentereën wat die grond deurnat maak" (Hosea 6:3 Afr20)

**Donderdag 8 Augustus:** FEBA saai uit in verskeie lande in Afrika en Asië waar die bevolking oorwegend Moslem is. Moslem-luisteraars wat kies om Christus te volg, word dikwels deur hul gemeenskappe vervolg en soek hulp en bemoediging in FEBA se uitsendings. Bid dat God aan FEBA-spanne die regte woorde sal gee om te sê, asook wysheid in die ontwikkeling van effektiewe programme.

**Vrydag 9 Augustus:** Van programme vir ma's in Suidoos-Asië tot berading oor verhoudings in Kirgisië en 'n Bybelstudiegroep vir vroue in Oekraïne – FEBA loop die ekstra myl om vroueluisteraars te bereik en ondersteun. Bid dat al die vroue in FEBA se bediening – die personeel, aanbieders, beraders en luisteraars – God se liefdevolle teenwoordigheid sal ervaar.

**Saterdag & Sondag 10-11 Augustus:** Talle mensegroepe in Oos-Asië volg Boeddhisme en verskillende vorms van animisme, soos Taiwan se etniese godsdienste en Japan se Sjintoïsme. Dié godsdienste, wat verweef is in hierdie kulture, leer mense dat verlossing verdien moet word en dat geeste tevrede gehou moet word om voorspoed te verseker. FEBA saai uit in China, Japan, Taiwan, Suid- en Noord-Korea, en Hongkong. Bid dat FEBA-luisteraars in Oos-Asië God se genade, wat vrylik gegee word, sal ontdek en dat die Waarheid hulle van vrees sal verlos.

**Maandag 12 Augustus:** Prys God vir FEBA Japan se nuwe personeel! Die Japannese is die tweede grootste onbereikte mensegroep ter wêreld en FEBA Japan werk hard daaraan om verskillende platforms te ondersoek waardeur hulle bereik kan word. Bid dat God vir FEBA Japan die inisiatief en energie sal gee om Christus na hulle mense te neem deur middel van media.

**Dinsdag 13 Augustus:** "Ek het onlangs die Goeie Nuus vir die eerste keer op die radio gehoor. Ek het nooit vantevore enigiets van God gehoor nie. Kort voor lank het ek begin om Bybelopleiding by te woon wat elke Saterdag by die radiostasie aangebied is, en my begrip het verdiep. Ek is so dankbaar teenoor dié wat die Goeie Nuus deel." (FEBA Mongolië-luisteraar)

**Woensdag 14 Augustus:** "Wees my genadig, o God, wees my genadig, want by U skuil ek; in die skadu van u vlerke sal ek skuil totdat die vernietiging verby is" (Psalm 57:2 Afr20)

**Donderdag 15 Augustus:** In 2023 het lande in Oos- en Suidoos-Asië groot skade gely gedurende die tifoonseisoen, maar FEBA se personeel en stasies het relatief min oorgekom. Prys God vir Sy voortdurende beskerming en bid vir FEBA se Ramp Reaksie Radiospanne, wat noodradiostasies in rampgeteisterde gebiede oprig en God se liefde op 'n praktiese wyse met mense deel.

**Vrydag 16 Augustus:** Sendingwerk in China bring baie uitdagings, insluitende kulturele struikelblokke en inperkings deur die regering. Sommige van FEBA China se aanlynplatforms is onlangs weer geblokkeer, maar in die verlede het dit slegs tot 'n toename in luisteraars gelei! Bid dat God FEBA China se hindernisse in hulpmiddels sal omskep, totdat almal gehoor het.

**Saterdag & Sondag 17-18 Augustus:** FEBA saai al sedert 1953 in Kambodja uit, en in 2002 is 'n plaaslike tak daar gestig. Sedertdien het FEBA Kambodja in 'n dinamiese bediening ontwikkel wat elke geleentheid aangryp om die Goeie Nuus te deel. Hulle hou uitreike na afgeleë gebiede, waar hulle radio's en sonkrag-aangedrewe ligte uitdeel terwyl hulle die Lig van die wêreld verkondig. Hulle het onlangs ook 'n mobiele ateljee bekendgestel wat die Goeie Nuus na jongmense reg oor die land sal neem. Bid dat God FEBA Kambodja met kreatiwiteit en energie sal toerus om hul projekte te bestuur en dat hul werk oorvloedig vrug sal dra.

**Maandag 19 Augustus:** Het jy geweet daar is 180 mensegroepe in die Filippyne? FEBA Filippyne saai uit in 30 tale op 13 plaaslike radiostasies. In sommige streke is hulle die enigste beskikbare Christelike radiostasie! Bid dat God FEBA Filippyne se direkteur, Luis Castillo, en sy span met goeie gesondheid en bedieningsgeleenthede sal seën.

**Dinsdag 20 Augustus:** "Ek waardeer Care FM geweldig, want dit voel soos 'n lig wat God gebruik om my te lei, veral in tye van weerloosheid en onsekerheid. Aangesien ek nie graag uit die huis uit gaan nie, het die radiostasie 'n vertroostende metgesel geword." (FEBA Filippyne-luisteraar)

**Woensdag 21 Augustus:** "[Want] deur Hom het God alles geskep: alles in die hemel en op die aarde, die sigbare en die onsigbare dinge, of dit koninklike of heersende magte, owerhede of gesagvoerders is – alles is deur Hom en tot Hom geskep. Hy het voor alles bestaan, en in Hom hou alles stand" (Kolossense 1:16-17 Afr20)

**Donderdag 22 Augustus:** FEBA saai uit aan baie gelowiges wat vervolg word weens hul geloof. In Suidoos-Asiese lande soos Mianmar, teiken burgerlike magte Christene met geweld, terwyl FEBA nie eens toegelaat word om vanuit Laos uit te saai nie. Bid dat FEBA se personeel en luisteraars wat vervolg word, sterk sal bly staan in Christus.

**Vrydag 23 Augustus:** Mensehandel bly wêreldwyd 'n ernstige probleem. FEBA-spanne in Suid- en Suidoos-Asië leer hul luisteraars om die gevaartekens raak te sien, en hul hulplyne het al lewens gered. In sekere plattelandse gebiede waar FEBA uitsaai, het kinderhandel selfs afgeneem! Bid dat FEBA se werk sal aanhou lewens red en dat mensehandel totaal tot niet gemaak sal word.